

**Gebeurlikheidsplan:
Elektries en Elektroniese Ingenieursgebou**

Inhoudsopgawe

1) Risikobestuursbeleid.....	3
2) Inleiding.....	5
3) Noodplan.....	5
a) Onderskeie rolspelers by noodplan.....	6
b) Optrede tydens noodplan.....	10
c) Bekendmaking, inoefening en instandhouding van noodplan.....	13
4) Sekerheid en Toegangsbeheer.....	14
5) Algemene veiligheidsriglyne.....	15
6) Aanhangsels	
a) Ondervragingslys vir telefoniese bomdreigement	
b) Toegangsbeheer-reëls en Ontvangserkenning	
c) Nood telefoonnommers + Noodbeamptes	
d) Gesondheids en Veiligheidsverteenvoordiger Nagaangids	
e) Risiko Analise nagaangids	
f) Vloerplan Inligtingsblad	

1. RISIKOBESTUURSBELEID

1. Die Universiteit van Stellenbosch aanvaar dit as een van sy doelstellings om sy personeellede, studente, bates en bronne teen enige vorm van fisiese risiko te beskerm. In die strewe om hierdie breë doelstelling te verwesenlik, volg hy erkende risikobestuurspraktyke om verliese te voorkom en verminder om sodoende gepaardgaande kostes tot 'n minimum te beperk.
2. Dit is 'n spesifieke doelstelling van die Universiteit om alles in sy vermoë te doen om sy personeellede, studente en besoekers sover prakties moontlik teen beroepsgeondheids- en veiligheidsrisiko's te beskerm.
3. Die Universiteit verbind hom ook daartoe om alle statutêre en ander wetlike verpligtinge, en in die besonder die wat deur die Wet op Beroepsgeondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) opgelê word, noudeset na te kom. Die Universiteit verlang derhalwe dat al sy personeellede en studente die verbandhoudende verpligtinge wat deur bogenoemde en ander wette op hulle geplaas word, moet nakom.
4. Die Universiteit verlang dat al sy personeellede en studente sy risikobestuursbeleid in alle opsigte moet aanvaar en nakom. Die Universiteit hou alle personeellede wat met bestuurspligte en/of toesighouding belas is, kragtens artikel 16(2) van die bogenoemde Wet, medeverantwoordelik en -aanspreeklik vir die nodige stappe om alle fisiese risiko's maar veral die ten opsigte van beroepsgeondheid en veiligheid te identifiseer, evalueer en kragtens die bepalinge van wetgewing en standaard werksprosedures van die Universiteit te hanteer en bestuur.
5. Doelgerigte risikofinansieringsmetodes insluitende koste effektiewe versekering en die voorsiening van fondse vir risikovoorkoming bly 'n hoë prioriteit maar is onderworpe aan praktiese en ekonomiese beperkinge.
6. Alle personeel met bestuurs- en toesighoudende pligte is kragtens die Universiteit se risikobestuursbeleid verantwoordelik en aanspreeklik vir die pro-aktiewe hantering van sekuriteitsrisiko's by hulle onderskeie werksplekke. Die risikobeheer Komiteestelsel moet ten volle benut word - veral t.o.v. voorstelle ter verbetering van bestaande praktyke wat tot onveilige toestande en diefstalle kan lei. Alle voorvalle, afwykings, verdagte optredes, riskante werksmetodes, sowel as die teenwoordigheid van verdagte vreemdelinge, moet onmiddellik onder senior personeel en die Afdeling Risikobestuur (tel. 808-4657) se aandag gebring word.

MODEL VIR RISIKOBESTUUR IN DIE FAKULTEIT INGENIEURSWESE

1. **Beginsels en Uitgangspunte**

- Ingevolge die wet is die Rektor verantwoordelik vir die veiligheid en gesondheid van al die werkers van die Universiteit. Hy kan nie hierdie verantwoordelikheid deleger nie maar kan bestuurders in die Universiteit mede-verantwoordelik maak vir die veiligheid van werknemers onder hulle beheer.
- Die Rektor en ander medeverantwoordelike persone kan bepaalde pligte aan benoemde lede van veiligheidskomitees opdra.
- Die Dekaan, die departementele voorsitters en die hoofde van ander organisatoriese eenhede (O.E.) is volgens die Universiteit se beleid vir risikobestuur sulke medeverantwoordelike persone.
- 'n Persoon wat verantwoordelik is vir die veiligheid en gesondheid van ander persone moet in 'n posisie gestel word om risiko's waaraan mense onder sy toesig blootgestel is, te kan beïnvloed.
- Die ingenieurswese kompleks kan volgens die geboukodes/O.E. kodes opgedeel word in ses **veiligheidssektore**.
- Die Fakulteit Ingenieurswese en sy organisatoriese eenhede kan net risikobestuur uitoefen in en oor ruimtes onder hulle beheer.
- Die Fakulteit se risikobestuursprogram moet 'n integrale deel van sy normale bestuursorganisasie vorm.
- Die risikobestuursprogram moet logies inskakel by die bestaande begrotingskanale.

2. **Risikobestuur deur die Fakulteit Ingenieurswese in ruimtes onder sy beheer**

- Elke voorsitter of hoof is mede-verantwoordelik vir die veiligheid en gesondheid van sy O.E. se personeel in ruimtes wat deur sy O.E. bestuur word. Die ruimtes sluit normaalweg laboratoria, werkplase, magasynes en kantore in. (Gemeenskaplike areas soos gange, teekamers en klaskamers is die verantwoordelikheid van die veiligheidskomitee vir die Ingenieurskompleks.)
- Die Dekaan stel vir elke O.E., op aanbeveling van die O.E. en na oorlegpleging met die betrokke persone, 'n veiligheidskomitee (insluitend 'n voorsitter vir die komitee) aan.
 - * Die lede moet kennis dra van die toestande in die onderskeie laboratoria of ander areas waarvoor hulle aangestel word.
 - * Studente kan as verkose lede gekoöpteer word, maar word nie formeel deur die Dekaan aangestel nie.

Elke lid van die komitee moet deurlopend daarop ingestel wees om gevare in die lokale waarvoor hy verantwoordelik is, te identifiseer en aan te meld.

2. Inleiding

Hierdie voorskrif wat ook bekend staan as 'n Gebeurlikheidsplan, is daarop gemik om alle personeel werksaam by Elektronies en Elektriese Ingenieursgebou; vertrou te maak met die optredes wat gevolg moet word in geval van 'n Noodtoestand byvoorbeeld 'n Brand, Bomontploffing, Bomdreigement of 'n aanval van buite.

Doel

Die beveiliging van die lewens van personeel, besoekers en eiendom van die US deur georganiseerde en tydige optrede.

Veiligheids sektor wat in die Gebeurlikheidsplan geïnkorporeer word staan bekend as SEKTOR 104 (Elektriese en Elektroniese Ing geboue)

3. NOODPLAN

Ten einde die veiligheidsbehoefes van betrokke sektor aan te spreek moet die onderskeie gebeurlikheidsplanne in plek wees.

'n Ontruimingsplan, Brandplan en Noodhulpplan, in geheel word hier in die gebeurlikheidsplanne aangespreek onder een omvattende NOODPLAN vir die Elektriese en Elektroniese Ingenieursgebou.

Hulpmiddels benodig vir noodplan:

- **Piktogramme wat ontsnaproetes aandui**
- **'n Beheersentrum met die nodige kommunikasie apparaat**
 - Telefoon.
 - Elektroniese e-pos kontaklyste.
 - Sirene of blaashoring op onderskeie vloere.
 - 'n Mikrofoon of megafoon vir afkondigings.
 - Brand apparaat.
 - Brandblussers. (sien inligtingsstukke per vloer)
 - Brandkrane.
 - Noodhulpkaste.
- Inligtingstukke in lokale wat basiese inligting bevat van die onderskeie prosedures tydens 'n noodsituasie asook kontaknommers.

Nood telefoonnommers:

Us-Beskermmingsdienste (USBD): 0800601137
8082330/4891
Ambulans: 10177
883344
Brandweer: 808 8888
Blitspatrollie (polisie): 10111
Stellenbosch Hospitaal: 887 0310
Medi-clinic Hospitaal: 883 8571

VEILIGHEIDSKOMITEE: ELEKTRIESE EN ELEKTRONIESE INGENIEURSWESE

NAAM	HOEDANIGHEID
Prof WJ Perold	Voorsitter
Mnr P Petzer	Koördineerder
Mnr U Buttner	Mikro en Elektronika Laboratoriums
Mnr Arno Barnard	ESL – Laboratorium
Mnr. Johan Booyen	KGE – Kantoor geriewe
Mnr. Andre Swart	Elektriese &Elektroniese Laboratoriums

A. ONDERSKEIE ROLSPELERS BY NOODPLAN

NOODPLANKOÖRDINEERDER : Prof WJ Perold en Mnr PH Petzer

1. Is in bevel van Noodsituasie

- Beman - Beheersentrum
- Gee opdragte
- Koördineer totale poging

2. Administrasie

- Volledige aantekeninge moet van alle gebeure gehou word.

- Datum, tyd besonderhede, opdragte, mense betrokke, optredes ens. moet aangeteken word.
- Daarna moet volledige verslag na afloop van die insident geskryf word.

3. **Voorligting aan alle personeel.**

- Vloerbeamptes(Noodbeamptes) word instruksies gegee om na aanleiding van die situasie op te tree volgens die riglyne van die brandplan, noodplan of ontruimingsplan.
- Weet wat van hulle verwag word.
- Almal moet ten volle vertrouwd wees met die volledige noodplan vir elke situasie en weet wie in bevel is.
- Die ligging van die noodsentrum bekend maak.
- Onder geen omstandighede verklarings aan die media tydens noodsituasie maak nie.

4. **Moet toesien dat hulpmiddels en inhoud daarvan gereeld nagegaan word om te verseker dat dit in goeie werkende orde is.**

5. **Dosente is self verantwoordelik vir die ontruiming van studente.**

NOODBEAMPTES(VLOERBEAMPTES)

Hoogspannings Laboratorium :Mnr Petrus Pieterse

Masjiene Laboratorium :Mnr Pietro Petzer

E S L (Laboratorium) :Mnr Arno Barnard

Drywingselektronika Laboratorium: :Mnr Niel Serdyn

Werkswaas :Mnr Andre Swart

Vloer 2 :Mnr Wessel Croukamp

Vloer 3 :Mnr Ulrich Buttner

Vloer 4 + 5 :Mnr Johan Booyesen

Afhangende van die situasie sal noodbeamptes betrokke wees by die brandplan, noodplan, en/of ontruimingsplan.

Alle noodbeamptes (vloerbeamptes) sal ook as noodhulp helpers optree.

Die benoemde noodhulpers sal uitsluitlik beskikbaar wees om noodhulp te bied.

Die noodhulpers en vloerbeamptes (noodbeamptes) moet gereelde noodhulpkursusse bywoon.

Moet weet waar noodhulp toerusting is.

Moet gereed wees om noodhulp toe te pas.

Die noodbeamptes en noodhelpers moet kennis dra van sekere basiese brandbestrydingsvaardighede bv kennis van die bestryding van verskillende tipes brande, gebruik van brandbestrydings toerusting ens.

Tydens ontruimingsplan het die Noodbeamptes die volgende taakomskrywings:

- Om ontruiming te orden.
- Te verseker dat almal die vloer verlaat.
- Help besoekers en gestremdes.
- Verseker dat krag afgeskakel is.
- Hang lap of enige ander item aan (buitenste) deurknop om te wys dat die vertrek ontruim is.
- Maak seker dat hysbakke nie gebruik word nie.
- Wees behulpsaam by versamelplek, veral met koptellings om te verseker dat al "julle mense" ontruim het.

Moet toesien dat die wetlike verpligtings in die werks omgewing nagekom word soos omskryf is in die wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid.

- Indien nooddeure gesluit is vir sekuriteit doeleindes maak seker dat sleutels in breekglasiekassie is
- Nooddeure moet na buite kan oopmaak
- Is daar twee alternatiewe uitgange vanaf elke werksplek?
- Is trappe vry van obstruksies?
- Beskik trappe oor handreëlings?
- Is trappe van nie-brandbare materiaal gemaak?
- Is daar genoeg brandblussers strategies geplaas, behoorlik gemerk en word dit gereeld gediens?
- Is daar Piktogramme teenwoordig wat ontsnaproetes aandui?

Om hierdie verpligting en risikos te identifiseer en na te kom kan gebruik gemaak word van 'n **nagaangids** of soortgelyke metode.

VERSAMELPLEKKOÖRDINEERDER

:Me. Charlene van der Hoeven

:Me. Petro Basson

- Gaan onmiddelik na betrokke versamelplek.
- Neem naamlys uit noodsentrum saam.
- Orden mense in seksies/vloere/departemente.
- Hou koptelling.
- Vra persone teenwoordig om mense wat afwesig is te help identifiseer.
- Meld name van afwesigheid by Beheerspan sodat soek-operasies geaktiveer kan word.

NOODHELPERS

: Mnr. William Johannes

: Me. Daleen Kleyn

: Mnr. Petrus Pieterse

: Me. Charlene van der Hoeven

- Moet oor nodige noodhulp opleiding beskik.
- Weet waar noodhulpkissie en ander noodhelpers geleë is.
- Versoek/gee opdrag aan buitestaanders om te help indien nodig.
- Moenie huiwer om ambulans aan te vra nie.
- Indien nodig maak beseerde gereed om per draagbaar vervoer te word.

BRANDBESTRYDERS

: Mnr. Andre Swart - Brandspanleier

: Mnr. Ulrich Buttner

: Mnr. Nick van Graan

: Mnr. Pietro Petzer

- Opgelei wees in brandbestryding.
- Deeglik bewus wees van ligging en oplossings van brandbestrydings toerusting.
- Bewus wees van brandbestryding metodes vir spesiale omstandighede bv. chemikalieë store, brandstof store ens.
- Munisipale brandweer inwag en help waar nodig.

SOEKSPANNE

: Mnr. Andre Swart

: Mnr. Petrus Pieterse

: Mnr. Ulrich Buttner

: Mnr. Johan Booyesen

: Mnr. John Johannes

- Noodbeamptes(vloerbeamptes) moet leiding neem in hul besondere afdelings om soekspanne te lei na ontruimde gebiede.
- Daar moet verseker word dat elke vertrek, kas, toilet, hoekie en gaatjie deursoek word vir persone wat agtergebly het.

- Dit is algemeen bekend dat sommige mense onder sulke omstandighede deur paniek oorval word en dan probeer wegkruip.
- Optree as gids vir nooddienste soos brandweer en ambulans.

SPESIALIS PERSONEEL

- Verseker dat noodvoertuie maklik by ramptoneel kan kom.
- Deeglik bewus wees waar sentrale gaskrane, waterkrane en elektriese hoofskakelaar is om dit te kan afskakel.
- Hou nuuskieriges weg van toneel.
- Help USBD nooddienste en SAPD.
- Indien tyd toelaat, algemene herwinning van kabinette, meubels ens en pas herwinde goedere op.

B. OPTREDE TYDENS NOODPLAN

'n Persoon in die onmiddelijke omgewing van die probleem, identifiseer die aard en omvang van die probleem.

Eerste handse noodoptrede kan plaasvind deur persone/toerusting in die onmiddelijke omgewing te beveilig en om gevaartoestand onder beheer te bring, indien moontlik.

Die persoon of afgevaardigde rapporteer die toestand by die noodbeampte (vloerbeampte), verkieslik aan die noodplankoördineerder direk.

Die persoon in die gebou wag op instruksies van die noodplankoördineerder en/of noodbeampte (vloerbeamptes). **Moenie dadelik ontruim nie** wag vir opdragte van noodplankoördineerder. Afhangende van die situasie sal die brandplan, noodhulpplan en/of ontruimingsplan op **bevel van die noodplankoördineerder** ontplooi word.

ONTRUIMINGSPROSEDURES

Wanneer 'n Sirene of Blaashoring die ontruiming van die gebou of lokale aandui moet die betrokke noodbeamptes (vloerbeamptes) en dosente die volgende pligte uitvoer:

- Maak seker almal in die lokaal is bewus van toestand.
- Skakel alle elektriese apparaat af.
- Verlaat lokaal so flink as moontlik, bly kalm.
- Beweeg na naaste nooduitgang volg Piktogramme(groen rigtingwysers op die mure).
- Maak deur toe en plaas 'n papier of lap oor die buitekant van die deur om aanduiding te gee dat die lokaal ontruim is.
- Help gestremdes of besoekers.
- Moenie hysbakke gebruik nie.
- Indien gang gevul is met rook, kruip op knieë naby die muur.
- Noodbeamptes staan by en verskaf brandbestryding en noodhulp waar nodig.

- Beweeg altyd weg van die gevaar na die versamelplek (voor E&E Ing) met die kortste veilige roete.
- Maak seker dat u aanmeld by die versamelplek sodat die presensielys voltooi kan word.
- Meld vermistes aan.
- Sodra brandspanleier aankondig dat toestand veilig is mag u verdaag.
- Die brandbestryders en soekspanne sal alle laboratoriums en kantore deursoek om seker te maak dat die gebou ontruim is. Sodra die brandspanleier aankondig dat toestand veilig is, mag u verdaag.

Prosedures wat gevolg moet word tydens 'n noodsituasie:

- Brand
- Handtering van 'n besering
- Ontploffings
- Bomontploffings
- Bomdreigement

Prosedures : Hantering van Brand

- Wanneer u 'n brand ontdek , verwitting onmiddelik een van die Noodbeamptes of die nooplan koördineerder direk
- Probeer om die brand met beskikbare/naaste brandblusser te blus.
- Moenie u lewe in gevaar stel nie. Indien brand te groot is of rook, skakel die noodsentrum/USDB(n/u om brandweer te ontbied en ontruim.)
- Hou buitestanders weg.
- Ontruim stelselmatig soos deur noodplankoördineerder/noodsentrum aanbeveel.
- Verhoed dat persone terugkeer vir persoonlike besittings.
- Ontruim stelselmatig.
 - Eerste mense in direkte gevaar
 - Dan mense bo,onder,en langs gebied
 - Verhoed dat mense na die rigting van die vuur beweeg
 - Slegs indien werklik nodig moet die hele gebou ontruim word.

Prosedures: Hantering van 'n besering

- Versoek eerste persoon om gekwalifiseerde noodhelper te roep asook die naastenoodplanbeampte (vloerbeampte).
- Indien persoon ernstig beseer is, moet hom/haar nie verskuif nie, wag vir die ambulans.
- Ernstige beserings - skakel noodsentrum/USDB om ambulans te roep. Vertel presies waar die ambulans benodig word.
- Praat en help beseerde tot noodhelper kom en staan hom by.

Prosedures: Gewone ontploffings

- Aktiveer noodsentrum deur noodbeampte en/of noodplan-koördineerder te kontak.
- Stel vas waar ontploffings was en hoe ernstig.
- Skakel noodsentrum/USBD om nooddienste te ontbied.
- Help beseerdes
- Ontruim
- Stuur soekspanne saam met nooddienste personeel vir beseerdes en persone wat nie ontruim het nie.

Prosedures: Bomontploffings

- Aktiveer noodsentrum deur noodbeampte en/of noodplankoördineerder
- Stel vas waar ontploffing was en hoe ernstig
- Skakel noodsentrum/USBD(n/u) om nooddienste te ontbied
- Help beseerdes
- Ontruim
- Stuur soekspanne saam met nooddienste personeel vir beseerdes en persone wat nie ontruim het nie.
- Na bomontploffings moet soekspanne op die uitkyk wees vir vreemde voorwerpe
- Indien vreemde voorwerpe opgemerk word, onttrek en versoek SAPD om ondersoek in te stel.
- Wag tot SAPD area veilig verklaar het.

Prosedures: Bomdreigement (Moenie ontruim nie)

- Dit is tans beleid van die Universiteit om nie ontruiming toe te pas as gevolg van bomdreigemente nie.
- Wanneer 'n bomdreigement ontvang word, skakel onmiddelik USBD by tel 4891 en afdeling Risikobestuur by tel 4963/4658 om die saak verder te hanteer.
- Versoek alle noodplan personeel om die gebou te deursoek. Gebruik ook skoonmakers en assistente, want hulle ken die omgewing die beste.
- Indien vreemde voorwerpe ontdek word onttrek alle persone uit onmiddelike omgewing en skakel Risikobestuur.
- Die tyd en presiese woorde wanneer die oproep ontvang is moet aangeteken word.
- Enige ander waarnemings wat gemaak mag word, hierdie inligting kan 'n baie belangrike rol speel in die daaropvolgende ondersoek deur SAPD. Vir gerief van die persoon wat die dreigement ontvang, is daar 'n spesifieke vorm waarop al die nodige inligting voorkom en waarop die toepaslike inligting deur middel van kruisies aangedui kan word.
- **Sien aanhangsel -A**

Prosedures: Gyselaaraanhouding

Wyse van optrede indien u alleen of in 'n groep deur aanvallers aangehou word.

- Probeer om so kalm as moontlik voor te kom.
- Werk saam met die aanvallers, reageer dadelik op bevele en eise.
- Moenie probeer ontsnap nie, jy mag dalk wegkom, maar ander gyselaars kan daaronder lei.
- Moet nooit jou rug op die gewapende persoon draai nie.
- Behou 'n objektiewe siening teenoor jou eie situasie. Jy net tydelik in hul mag.
- Ingeval van skietery bly op die grond en probeer skuiling neem agter enige voorwerp.

Prosedures: Gewapende aanslag

- Moenie paniekerig raak nie.
- Val plat op die vloer en beweeg na mure.
- Indien u oor 'n wapen beskik moenie terugvuur nie, dit kan u en u kollegas in groter gevaar stel.
- Moenie probeer om 'n held te wees nie. Jy is beskik miskien nie oor die nodige kennis en opleiding nie en jou aksies kan jou en ander se lewens kos.

C. Bekendmaking, inoefening en instandhouding van noodplan:

Die onderskeie gebeurlikheidsplanne sal op die volgende metodes gekommunikeer word met gebruikers van die Elektriese en Elektroniese Ingenieursgebou

- Inligtingstukke in lokale wat kort basiese inligting bevat van die onderskeie prosedures tydens 'n noodsituasie, kontaknommers en ontsnaproete kaarte. **Sien aanhangsel C.**
- Dosente sal jaarliks herinner word dmv 'n dosentegids.
- Studente en dosente sal jaarliks herinner word dmv Beleidsgids wat aan die begin van die jaar uitgereik word.
- Verspreiding van hierdie dokument aan alle personeel in die Elektriese en Elektroniese Ingenieursgebou.
- Jaarlikse inoefening van noodplan met noodpersoneel.
- Semester inspeksie van noodplan apparaat en toerusting.
- Kwartaallikse vergadering van veiligheids komitee en al die Elektroniese en Elektriese Ingenieursgebou personeel.

4. Sekerheid en Toegangsbeheer van die Departemente Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.

Magtiging vir kaart-aktivering en sleutel-uitreiking word beperk tot die departementshoof, sy gevolmagtigde of die studieleier.

1) Kaartstelsel en elektroniese toegangsbeheer

- Indien stelsel af is kan Beskermingsdienste die buitedeur oopmaak. Hulle het 'n kaart wat in besit van die Toesighouer van elke skof is. Hulle mag nie die gebou betree sonder begeleiding uit ons geledere nie. Hulle mag nie na-ure, sonder toestemming van die departementshoof of sy gevolmagtigde, toegang tot die gebou gee nie.
- **Persoonlike toegangskaarte mag nie uitgeleen word nie.**
- As iemand sy kaart verloor en na-ure moet inkom moet hy/sy iemand van die dept. vra om toegang.

2) Sleutels

- Alle sleutels moet op die departement se sleutelinventaris aangeteken wees.
- Geen duplikaatsleutel mag sonder die toestemming van die departementshoof of sy gedeligeerde gemaak word nie.
- Sleutels mag nie oorgedra word sonder die medewete van die verantwoordelike persoon, wat moet sorg dat die sleutelinventaris behoorlik aangepas is.
- Toegang tot die sleutelkas, waar alle duplikate gehou word, word beperk tot die departementshoof en die verantwoordelike persoon.
- Verlore sleutel moet op eie koste vervang word

3) Kombinasieslotte

- Toegang tot die laboratoria word deur die studieleiers en /of die verantwoordelike persoon gegee.
- Kodes van die kombinasieslotte mag nie sonder toestemming van die verantwoordelike persoon vir die spesifieke lab uitgegee word nie.
- Die kode van 'n kombinasie slot moet onmiddellik verander word deur die verantwoordelike persoon indien ongemagtigde toegang plaasvind. Die verandering van 'n kode moet aan die departementshoof of sy gedelegeerde gerapporteer word sodat die verandering ook op die sleutelinventaris aangebring kan word.

Elke persoon wat toegang tot die gebou verkry, personeellid of student, moet 'n toegangsbeheervorm invul wat die volgende aandui. **Sien aanhangsel B.**

5.

Algemene veiligheidsriglyne

Personeellede is self verantwoordelik vir die veiligheid van die toerusting in hulle kantoor. Dit sluit ook die veiligheid van hulle persoonlike besittings soos, selfone, beursies, ens. in.

Personeellede is ook verantwoordelik om so ver moontlik veiligheidsmaatreëls toe te pas wat betref hulle vervoermiddels.

Personeel is self verantwoordelik om te verseker dat voldoende rugsteunkopieë van elektroniese inligting op rekenaars iewers gestoor is.

VEILIGHEIDSADMINISTRASIE

Veiligheid binne die Universiteit is die verantwoordelikheid van die Rektor onder die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet No. 85, 1993). Hierdie pligte en verantwoordelikhede word aan die Bestuur en Veiligheidskomitee van die Departement opgedra om hom behulpsaam te wees met die toepassing van die Wet.

Die veiligheidsrekord van ons Departement is goed, ten spyte van somtyds potensieel gevaarlike laboratoriumwerk. Dit is belangrik dat studente veiligheidsbewus gemaak word om die ooglopende redes, maar ook as die deel van die opvoedingstaak van ons Departement om studente vir die praktyk voor te berei.

**ONDERVRAGINGSLYS AAN PERSOON WAT
TELEFONIESE BOMDREIGEMENT ONTVANG
(kry soveel inligting as moontlik)**

Datum: Tyd:

Oproep ontvang deur:

Telefoon: Publieke Selfoon Gewone

Vra die volgende besonderhede:

Waar? is die ploftoestel geplaas?

.....

Hoe lyk dit? (Pakketbom/Pypbom ens)

.....

Wanneer gaan dit ontplof?

Hoekom is die bom geplant?

Is daar meer as een ploftoestel?

Waar is die ander bomme?

.....

.....

Tyd wat gesprek geeingdig het:

Stel Hoof Noodplan Koördineerder in kennis.

Stel Risikobestuur in kennis - 4963

Na ure USBD 4891 of 0800601137(Tolvry)

Voltooi nou die volgende vrae:(Merk/omkring aspek wat van toepassing is)

1. Stem van Persoon: Man Vrou Kind

 Ouderdom
2. Gedrag: opgewonde senuweeagtig kalm
 kwaad samehangend beleefd
 emosioneel vriendelik
3. Karaktertrekke: hard sag onder invloed van drank/dwelms
4. Metode van praat: vinnig stadig duidelik spraakgebrek
5. Aksent: Afrikaans Engels Swarttaal
 Buitelandse aksent
6. Agtergrond geluide fabriek masjienerie verkeer
 treine vliegtuie musiek
 diere kantoor ander(omskryf)
7. Is die oproeper vertrouwd met die perseel: Ja Nee Weet nie
8. Klink dit asof hy ons omgewing ken: Mense Bestuur Bedrywighede
9. Ken u die stem?(omskryf):
.....
.....
.....
10. Enige ander inligting:
.....
.....
.....

AANHANGSEL B

Voor op die kaartjie

**DEPARTEMENT ELEKTRIESE EN ELEKTRONIESE INGENIEURSWESE
TOEGANGSBEHEER**

Naam-----Studente/Personeelno.-----

Elektroniese Toegang

Toestemming verleen deur: _____ Handtekening _____
Toegangskaart uitgereik deur _____ Handtekening _____

Datum _____

Sleutels

Toestemming verleen deur _____ Handtekening _____
Lokale _____

Sleutels uitgereik deur _____ Handtekening _____
Datum _____

Toegangsbeheerreëls en Ontvangserkenning -----Sien keersy

Toegangsbeheerreëls

Agter op die kaartjie

Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

Toegangsbeheerreëls

- 1) Magtiging vir kaart-aktivering en sleutel-uitreiking word beperk tot die departementshoof, sy gevolmagtigde of die studieleier -
- 2) Elektroniese toegangskarte mag nie uitgeleen word nie -
- 3) Alle sleutels moet op die departement se sleutelinventaris aangeteken wees en bly die eiendom van die Departement -
- 4) Geen duplikate van enige sleutel mag gemaak word nie -
- 5) Sleutels mag nie uitgeleen of oorgedra word nie -
- 6) Vervangingskoste van verlore sleutels is vir die lener se rekening -
- 7) Kodes van kombinasieslotte is vertroulik -

Ek erken ontvangs van bogenoemde sleutels / toegangskaart
en onderskryf die departementele Laboratorium- en Veiligheidsreëls
I acknowledge receipt of abovementioned keys / access card
and endorse the departmental Laboratory and Safety Regulations

Handtekening

Universiteit van Stellenbosch -Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

Nood telefoonnommers

US – Beskermingsdienste	:	808 2330 / 808 4891(alle ure)
Ambulans	:	10 177 883 3444
Brandweer	:	808 8888
Blitspatroolie (Polisie)	:	10 111
Stellenbosch Hospitaal	:	887 0310
Medi-Clinic Hospitaal	:	883 8571

Noodbeampes

<u>Brandspanleier</u>	Mnr. Andre Swart
<u>Brandbestryders</u>	Mnr. Pietro Petzer Mnr. Ulrich Buttner Mnr. Nick van Graan
<u>Noodhelpers</u>	Mnr. William Johannes Me. Charlenevn der Hoeven Me. Daleen Kleyn Mnr. Petrus Pieterse
<u>Soekspan</u>	Mnr. Andre Swart Mnr. Petrus Pieterse Mnr. Ulrich Buttner Mnr. Johan Booyes Mnr. John Johannes

Universiteit van Stellenbosch -Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

Nood telefoonnommers

US – Beskermingsdienste	:	808 2330 / 808 4891(alle ure)
Ambulans	:	10 177 883 3444
Brandweer	:	808 8888
Blitspatrolie (Polisie)	:	10 111
Stellenbosch Hospitaal	:	887 0310
Medi-Clinic Hospitaal	:	883 8571

NOODBEAMPTES (VLOERBEAMPTES)

Hoogspannings Laboratorium	Mnr Petrus Pieterse
Masjiene Laboratorium	Mnr Pietro Petzer
E S L (Laboratorium)	Mnr Arno Barnard
Drywingselektronika Laboratorium	Mnr Niel Serdyn
Werkplaas	Mnr Andre Swart
Vloer 2	Mnr Wessel Croukamp
Vloer 3	Mnr Ulrich Buttner
Vloer 4 + 5	Mnr Johan Booyen

Universiteit van Stellenbosch -Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurwese

Nood telefoonnommers

US – Beskermingsdienste	:	808 2330 / 808 4891(alle ure)
Ambulans	:	10 177 883 3444
Brandweer	:	808 8888
Blitspatrolie (Polisie)	:	10 111
Stellenbosch Hospitaal	:	887 0310
Medi-Clinic Hospitaal	:	883 8571

Ontruimingsprosedure

- Bly kalm – **moenie** hardloop nie!
- Laaste persoon uit vertrek – plaas lap oor buitenste deurknop
- Volg ontsnaproete na versamelplek – Besoekersarea voor gebou
- **Moenie** hysbakke gebruik nie
- Help gestremdes en besoekers
- Indien daar obstruksie is, volg alternatiewe roete na versamelplek
- Groepeer en gaan presensielys na
- Meld vermistes aan

Risikobeheer verteenwoordigers (Normale Werksure)

NAAM	HOEDANIGHEID
Prof WJ Perold	Voorsitter
Mnr P Petzer	Koördineerder
Mnr U Buttner	Mikro en Elektronika Laboratoriums
Mnr Arno Barnard	ESL – Laboratorium
Mnr. Johan Booyesen	KGE – Kantoor geriewe
Mnr. Andre Swart	Elektriese & Elektroniese Laboratoriums